# KONINKRYKSTYD

**Juniemaand is JEUG-maand.**
Laai die DinkJeug Families app af luister, lees, gesels en bid saam.



## HUISGELOOF
### VERSKIL MAAK
### GEN 18, ROM 5

## OMGEE
Gebruik ‘n dobbelsteen om elkeen ‘n nommer te gooi en die ooreenstemmende vraag te beantwoord (julle kan die spel herhaal)

1. Persoon wat my as kind geleer het om te bid?
2. Jongmens/kind wat ‘n verskil maak?
3. Persoon wat my inspireer?
4. Voorbeeld vir my van iemand wat glo en vertrou?
5. Kind/jongmens wat vir my iets geleer het?
6. Iemand wat volhard in moeilike omstandighede?

## GESELS
**Lees: Gen 18:1-15, 21:1-7 en Rom 5:1-5**
- Hoe dink jy het Abram en Sara gevoel toe hulle die nuus hoor? Hoe sou jy reageer het?
- Wanneer is dit vir jou moeilik om te glo?
- Wie of wat help jou om te vertrou?

## DOEN
Soek saam op die internet na die geskiedenis van Jeugdag. Hoe kan jy ‘n verskil maak?

## BID
Vandag is **Biddag vir Jeug en Kategese.** Maak ‘n lysie van 1-6 name, van die volgende mense, en gebruik die dobbelsteen om elke dag vir iemand te bid:

1. ’n Kategeet
2. Iemand in jou kategesegroep
3. ’n Maat wat swaarkry
4. ’n Siek kind
5. ’n Kind wat omgee
6. ’n Kind wat ’n verskil maak

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: